**Elephantorrhiza suffruticosa**
**E skew-leaved elephant root**
**A looibos**
**D Gerbwurzelstrauch**
**H otjite , omundjoze**

**Elephantorrhiza elephantine**
**E elands-bean**
**A elandsboontjie**
**D Gerbwurzel**
**H otjite, omundjoze**

Hier het ons nou twee plante, waarvan die een, die Elandsboontjie, volop voorkom. Hy kom veral in sanderige grond voor en vorm "kolonies" of "patches". Die ander een, 'n struik of boompie, eerder sporadies te sien is.

Elephantorrhiza suffruticosa is 'n meerstammige struik of boompie van 1m tot 3m hoog. Vroeg in die lente vang sy lang (tot 150mm) heldergeel bottelborselagtige blomme op die andersins kaal rooibruin take, die oog. Sy klein "boetie" is baie meer bekend. Die plant blom nou. Die blomme

sit amper op die grond en word dan vervang deur peule wat effens gekrul is. Kenmerkend is die geveerde blare wat nogal baie na Jakarandablare lyk.

Albei bevat baie tannien, wat gebruik word om rou velle te looi en dan ook te kleur. Die kleur is 'n helder rooibruin. As medisyne is die plant ook gebruik vir veral maagaandoenings (diarree, hardlywigheid, aambeie en selfs aknee) wat met 'n aftreksel van die wortel suksesvol behandel is. Wyle Oom Kobie Uys het self suksesvol sy maagsere met so 'n aftreksel van Elandsboontjiewortels behandel en sterk aanbeveel. Die saad van die Elandsboontjie is ook gerooster, gemaal en as koffiesubstituut gebruik. (Ek beveel dit nie aan nie, tannien is 'n gifstof.)

Dit is nogal verbasend wat die mense uit die ou dae alles gedoen het net vir die smaak van 'n bietjie koffie!
Elephantorrhiza elephantina (elandsboontjie- pitte gerooster en gemaal)
Bauhinia petersiana (koffiebos - pitte gerooster en gemaal)
Boscia albitrunca (witgat - wortels gerooster en gemaal)
Acacia karroo (soetdoring) en
Acacia erioloba (kameeldoring - pitte gerooster en gemaal)

Ten spyte van die droogte is daar tog plante wat die oog vang, omdat hulle nog genoeg reserwes het om groen blare en/of gekleurde blomme te produseer. Hulle gooi nie tou op nie! Wees soos hulle: hou moed!

**Bronne:** *Trees and Shrubs of Namibia (Coleen Mannheimer, Barbara Curtis) Gemsbokbean &Kalahari truffle (Arno Leffers)*
*People's Plants (Ben-Eric van Wyk, Nigel Gericke)*
*Flowering Plants of the Kalahari dunes (Noel van Rooyen)*
*Heil-Gift-und essbare Pflanzen in Namibia (E.von Koenen)*
*Wild flowers Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)*

**Fotos:** *Anka Eichhoff*